Gimmie Griffie

1 Junie 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 17***

GEAGTE OUERS

Baie dankie en baie geluk met 'n suksesvolle Gimmie-Volkie-naweek. Geluk en dankie aan elke onderwyser, afrigter en speler wat sy/haar beste gelewer het. Baie sterkte aan al die spanne met die liga wat nou vinnig einde se kant toe staan.

Die reünie en Vleisfees was ook 'n baie groot sukses. Dankie aan mnr. en me. Duvenage, die Gimmieraad en hulle ouers vir al die voorbereidings en reëlings.

Met die eksamen versoek ons u om asseblief die kinders te help om hulle tyd goed te benut, hard te leer en hulle te ondersteun waar nodig. Baie sterkte aan al ons leerders.

Gimmiegroete,
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag 5 Junie
Rugby: Luiperds-oefening (3)

Donderdag 7 Junie
Bioscience Wisk. Gelet. Gr.10-12

Vrydag 9 Junie
Dogtershokkie: Lichtenburg (weg)
Seunshokkie A-spanne: Selly Park (weg)
Netbal: *Best Schools* (RHS)
Rugby: Loslootjie

GIMMIE/VOLKIE-UITSLAE:

Netbal
o/14A verloor 15-24
o/14B verloor 18-20
o/15A wen 27-6
o/15B verloor 16-18
o/16A wen 26-21
o/16B wen 23-11
o/17A verloor 15-19
1ste wen 41-23
2de wen 33-11
3de wen 28-15

Seunshokkie
o/14A wen 4-0
o/16A wen 4-0
1ste wen 6-0
2de wen 5-1

Dogtershokkie
o/14A wen 5-0
o/14B wen 2-0
o/15A wen 3-1
o/15B verloor 0-4
o/16A verloor 0-1

o/16B gelykop 0-0
1ste wen 10-0
2de gelykop 2-2

Rugby
o/14A verloor 0-27
o/14B gelykop 19-19
o/15A verloor 17-20
o/15B verloor 7-26
o/16A wen 50-0
o/16B verloor 17-24
1ste verloor 10-50
2de verloor 7-21
3de verloor 5-36

PROGRAM: 2 JUNIE

Saterdag 2 Junie speel ons liga-wedstryde teen Wesvalia (weg).

Rugby

Tyd	A-veld	B-veld
08:00	o/14A	3de
09:00	o/15A	o/16B
10:00	2de	o/14B
11:00	o/16A	o/15B
12:10	1ste	

Dogtershokkie

Tyd	A-veld	B-veld	C-veld
08:00	o/15A	2de	o/15B
09:00	o/16A	o/14A	o/14B
10:00	1ste		

Seunshokkie
15:00 o/16B vs. Bergsig (*Girls High* astro)

TENNIS

1ste span seuns vs. Ferdies wen 8-0
1ste span dogters vs. *Girls High* wen 5-3
3de liga seuns vs. *Boys High* wen 6-2

KRIEKET

Marco en Duan Jansen het onlangs vir die Dragons se seniorspan gespeel. Beide Marco en Duan is vir die SA o/19 krieketspan (oefengroep) gekies. Baie geluk.

PERDRY

Nicholas Immelman het Protea-kleure vir die SA *Mounted Archery* span 2018 ontvang. Hy het in Oktober 2017 aan die 13de *World Horseback Archery Competition* in Sokcho, Suid Korea deelgeneem waar hy 'n 3de en 2de plek behaal het. Hy het 'n algehele 2de plek in die juniorafdeling behaal.

Nicholas het ook vanjaar aan die *International Horseback Archery Alliance se Postal match* deelgeneem waar ruiters van VSA, Kanada, Poland, Holland, Duitsland, Luxembourg en Suid Afrika deelgeneem het. Hy is eerste in die juniorafdeling en het algeheel 14de geëindig.

Hy het aan drie SANESA *Qualifiers* (vir provinsiale-kleure) asook vier MAASA *Qualifiers* (vir Protea-kleure) deelgeneem. Die uitslae was soos volg:

SANESA Q 1; Q 3; Q 4: 3 x 1ste plekke

MAASA Q 1 en Q 2: 1ste plekke
MAASA Q 2 – 2de plek

Baie geluk, Nicholas.

ATKV-REDENAARS

Veels geluk aan Elsabé Potgieter (onvoorbereid gr. 8 en 9) en Katelynn Snyman (onvoorbereid gr.10–12) wat gekwalifiseer het om aan die nasionale finaal van die ATKV-redenaarskompetisie te gaan deelneem. Gimmies is bitter trots op hierdie raakpraters!

KLEREBANK
Tye gedurende die eksamen is soos volg: Maandae en Vrydae: 13:10 tot 13:30.

SNOW
flake
mark
Experience Goodness
meet & eat
handgemaakte
& organiese
PRODUKTE
beer live music
Kindervermaak
Like
SnowflakePotchefstroom
Vryd 1 Junie 5nm - laat
Sat 2 June 9am - 1:30pm